nie hul bus ry nie maar dat dit die A.N.C. is. Hulle het gou my brief geantwoord en gesê ons sal die busse vir julle gee. Ons het die mense vertel maar hulle wou nie glo nie. Wanneer ons so werk het party gesê ons versoek die witmense. Die dag het gekom dat iemand na my gehardloop het en gesê het, het ek gesien dat 'n swart man die bus drywe. As dit nie vir A.N.C. was nie, sou dit nooit gebeur het nie. Ons kinders lewe nou met die geld wat na die boere gegaan het. Nou, die tweede stap. Die Goewerment het 'n wet gemaak dat mans passe moet dra en hy jaag hul rond. Nou wil hy hê vroue moet dieselfde moeilikheid dra. Jy word gevang en toegesluit net oor 'n stuk paper wat jy nie het nie. Ek wil net een vraag vra. Almal wat saam met die wet stem, steen hande op. All right, ek sien nie hande nie. Nou vra ek die wat sê ons wil nie die passe hê nie, steek op hande. Ek is bly julle maak soos ek wil hê. Die ding is baie sleg. Om te sien dat die polisie hulle hande in ons jong meisies se borste steek om passe te soek. Ons moet almal aansluit by die A.N.C. sodat ons een stem kan hê. As jul dwars-trek sal jul nie gehoor word nie. As ons almal sê ons wil dit nie hê sal dit werk. In Bloemfontein het die vroue gesê ons wil nie passe hê nie, Verwoerd kan maar doodgaan. Ek gaan volgende maand weer na Bloemfontein na die konferensie en sal die mense daar sê wat jul van passe dink. Chief Luthuli sê ons moet die besluit wat te Kliptown gemaak is mooi vashou. Almal wat begeer om goed te leef moet 'n sekere vorm teken. Daardie papier is deur baie mense al geteken. Hier in Groenpunt weet die mense nog niks nie. Die Stat is so groot maar weet nie wat aangaan nie. Ek kan nie sê julle is skuldig nie want jul is hier. Die Hall is vol. Die fout is by jul leiers wat vir julle verkeerd geleei het. Nou moet julle sien waar jul hoop is. As julle ander kan navolg sal julle nie moeilikheid kry nie. Julle het verstand soos almal. 'n Wolk het gedreun in Kimberley. Die leiers van Congress is almal gearresteer en tronktoe. Ons

het gesê n bul word deur mense tussen koeie gesit. Ons het begin werk en nr. 2 se mense het geld gegee. Die saak het voorgekom en ons leiers is onskuldig gevind. Dis toe gesê hul mag nie meer die mense lei nie. As ons soos Groenpunt se mense gaan sit het, sou hierdie dinge nie reggekom het nie. Die Congress se naam sou doodgewees het. So julle moenie dink daar is net een leier nie. Wat het julle gemaak hier toe julle sien jul leiers roep nie vergadering nie. Jul kon gedoen het wat ons gedoen het. Jul verstand is net so goed soos ons s'n. Groenpunt het geen tak nie. Nou sê ek jul moet n komitee kies n jul name ingee as lede. Al kan jy in Douglas wees kan jy ook in Kimberley n lid wees. Die deur is oopgemaak. Enige een kan aansluit en n lid wees. As ons almal lede is kan ons bymekaar kom en praat oor die passe wat ons moet dra. Dan sal ons een woord hê. Die dag wat gesê word die vrouens moet passe neem en almal sê hulle doen dit nie, dan kan niks gebeur nie. Maar as net drie sê hulle wil dit nie hê nie, sal julle klaar verloor het. Nou moet jul hieroor gaan dink dan sal ons sien of jul nie die passe vat nie;"

Wie was die volgende spreker ?-- Ndhlovu, maar ek het ie aantekeninge daarvan gemaak nie.

Wie het na hom gepraat ?-- Itholeng.

Lees wat hy gesê het ?-- "Afrika, Afrika, Mayibuye. Mrn. Voorsitter, ek is baie bly. Ek is klien maar ek sien die Afrika mense is voor in die huis. Ek is bly om te sien ons moeders is hier. Hulle moet geleer word wat Congress is. Hul sal eendag die Goewerment wees. Dit sal met tyd kom. Mense vanaand het ons hier kom huil. Daar is baie dinge wat ons gedoen het, maar ons weet nie wat julle doen nie. Ek sê n leier word nie voorgestel nie maar stel homself aan as hy sien sy mense word verdruk, om hulle uit hul verdrukking te lei. As ek die jong mense sien en hulle lei so swaar in hulle land dan kan ek julle verseker die land sal nooit aan die witman behoort

nie. Ons moet sê Afrika is ons s'n. Ons kom nie van 'n ander plek af nie. Ons is hier gebore. Congress is die enigste plek vir julle. Ons wil nie die wit mense wegja nie. Ons wil saam met hulle wette maak. Ons het Christian harte maar die Goewerment het geen Christian hart nie. Kan 'n Christian sê 'n vrou moet 'n pas dra. Ek het 'n sak om die pas in te dra, maar waar moet die vrou die pas dra."

Laat die res van sy toespraak uit. Wie het na hom gepraat? -- Khomohaka, maar ek het nie notas van sy toespraak gemaak nie.

Wie het daarna gepraat? -- Nodoba.

Wie het na hom gepraat? -- Nomthuli het na hom gepraat.

Wat het hy gesê? -- "Mr. Chairman Ladies and Gentlemen. I want to warn you this evening. I am deeply disappointed that leadership in Green Point is criticised. You are here through my efforts. Chele organised this meeting through me. Now I am really disappointed that they come to criticise us. You are going into politics and I warn you, you must choose solid leadership. We are not taking leadership from No. 2. I want the chairman to ask Mr. Chele to apologise. You have dished. I want an immediate apology."

Wie het daarna gepraat? -- Itumeleng.

Wat het hy gesê? -- "Ek wil net graag sê dat die goed wat nou gepraat is ons uitmekaar sal maak. Ons is nou wakker gemaak deur die mense hier. Nomthuli was die voorsitter in 1952 met die Defiance Campaign. There is in fact no branch here now. We must thank this chairman for the work done here. There is no criticism here. We have every right to join this branch here and now."

Who was the next speaker? -- Dit is die einde van my notas.

(Notas ingehandig Bewy. 44D.)

VERDERE VERHOOR DEUR P.A.:

(24/1/56.)

Het u voor u notas in verband met 'n vergadering van die 24/1/56. ?-- Ja.

Het u die notas ten tye van die vergadering gemaak ?-- Ja.

Was dit 'n vergadering van die African National Congress ?-- Ja.

Waar was dit gehou ?-- Dit was gehou in die Bantu-saal.

Waar ?-- In die Galeshewe-lokasie, Kimberley.

Hoelaat het die vergadering begin ?-- Dit het 8.15 nm.  
begin.

Tot hoelaat ?-- Ek het nie die presiese tyd hier afgeskryf nie.

Hoeveel persone was daar teenwoordig ?-- Ek kan nie sê nie.

Wie was die voorsitter ?-- Boikanya.

Het u notas gemaak van al die toesprake daar wat daar gelewer was ?-- Nee, iemand anders het ook notas gemaak.

U weet nie wie nie ?-- Nee, ek kan nie nou op die oomblik onthou nie.

Het u afgeneem wat die voorsitter gesê het ?-- Ja, ek het.

Lees wat hy gesê het ?-- "Ek hoop julle sal stil wees en hoor wat ek gaan praat. Die eerste ding wat ek oor wil praat is dit. Alhoewel Kersfees verby is wens ek julle geluk in die nuwejaar. Mag dat ons in die jaar ook nuwe mense kan wees. Alhoewel daar swaar wolke oor ons is maak dit nie saak nie. Ons moet die Here dank dat ons nog lewe. Al is dit ook in die swaar regering, God sal ons smekinge hoor as ons bid. Vriende, nou dat ons hier is, dit is nou die tyd om jou vyande te los en agter jou eie mense te kyk. Ek praat maar my hart is baie seer. Soos ons bymekaar is lyk dit of ons nie die swaarheid sien wat oor ons is nie. As ons hier bymekaar praat dan is daar altyd ander wat ons hinder. Ek nooi julle en die

A.N.C. roep julle. Die Congress vra vir ons of ons Xosa, Zulu, Betsjoenana is maar wanneer ons bymekaar is is ons een mense. Congress roep julle in die naam van Afrika. Daarom word almal gevra om 'n Congress lid te wees. Ek het my nie klaargemaak om te praat nie want hier is mense wat van die Bloemfontein konferensie kom en ek wil hê julle moet vir hulle luister. Hulle sal julle sê wat daar gesê is. Ek is bly om baie vroue hier te sien. Ons moeder is ook hier en sy sal oor die vroue praat. Ek weet die vroue wil hoor van passe. Die Goewerment het hom klaargemaak dat die vroue die passe moet vat. Volgende maand sal in Vrystaat begin. Daar staan die vroue saam en weier om die passe te vat. Ander plekke staan die vroue ook saam. Net in Kimberley staan die vroue nie saam nie. Die pas wat die Goewerment wil hê sou goed gewees het maar nie by 'n naturelle vrou nie. Enige plek waar jy gaan sal jy daar-die pas moet dra anders vang die polisie jou en jy is 'n bandiet. Daarom vra ek wil julle dit vat of nie. In ander plekke het vroue hulle klaargemaak om dit nie te vat nie. Ek roep Mrs. Ndhlovu wat by die konferensie was om met die vroue te praat."

Wie het daarna gepraat? -- Ndhlovu, maar ek het nie haar toespraak afgeneem.

Wie het daarna gepraat? -- Khomohaka.

Het u afgeneem wat hy gesê het? -- Ekheth.

Hy het 'n taamlike lang toespraak gelewer, sal jy die eerste stuk uitlaat en na die end van die toespraak gaan. Omtrent die derde paragraaf van die end af. ? -- Ja. "Tweede punt van Congress is Bantoe onderwys. Die besluit was dat ons die skool moet boikot. Dit is besluit dat kinders gestop moet word om skooltoe te gaan. Die Bantoe Onderwys is net so 'n siekte soos die passe. As jy in Std. II tweemaal druip dan word jy uitgehaal om in die kombuis te werk. Die witmense weet dat as ons nie geleerdheid het nie dan slaap ons. So

julle moet dink oor Bantoe onderwys. Ek sal nie al Conference se besluite behandel nie. Die groot ding is Chief Luthuli, is weer gekies as president. Daar was nie ander mense wat gekies kon word nie. Ek wil julle net herinner daar word nog name vir die Freedom Charter gesoek. Maak julle klaar. Ons sal die vroue president nooi om met julle te kom praat maar alles hang van die geld af. Julle geld sal nie ge-eet word nie. Onthou die Freedom Charter en die vroue passe. 'n Mens moet goed dink voor jy iets doen. Ander vroue het gesê hulle wil nie die passe hê nie. As 'n Bantoe vrou sê daardie pas word net gevat van daardie mense se ma, dan moet jy weet hulle meen dit. Daar is dinge wat die Goewerment doen wat sleg is. Ek sal net nou kwaad word en dan sê ek verkeerde dinge. Hulle vat die blindes se pensioen weg maar omdat die witman dink hy is Christus dink hy ons moet sê dis goed. Ek kan baie dinge praat. Ek sê net, dink goed. Dink voor julle iets doen. Maak julle klaar vir hierdie slegtigheid. Moenie slaap nie, moenie slaap nie, moenie dat die tyd jou aan die slaap kom kry nie. Vroue julle moet wakker wees."

HOF VERDAAG:

COURT RESUMES 2/5/1957:

MR. COAKER ADDRESSES COURT:

Accused Absent: Position the same as on 1/5/1957:  
In addition: No. 116, Kamipi,  
No. 149, Debi Singh, certificate to be  
handed in later.  
No. 151, M.B. Yengwa, granted leave of  
absence.

INTERPRETER: Mr. A.P. Van Wyk.

DANIEL PHILLIPUS MARKRAM, duly sworn,

EXAMINED BY P.P. (MR. VAN DER WALT):

Het jy die toespraak van Bogacu afgeneem? --- Ek het.  
Lees van hy gesé het. --- "Seuns en Dogters van Afrika.  
Ons is nou in die kraal, en daar is n tier buitekant. Die  
lig het nog nooit van sononder na sonop gegaan. Die boere en  
Engelse is slegte mense. Hulle kom van Sononder en is slegte  
mense. Hulle geskiedenis sé hulle is in die see gegooi en  
hulle het hier gekom en inplaas van saam met ons bly het hulle  
vir ons n konsentrasiekamp gebou. Die hele wêreld van Afrika  
is my pa se plek. Witmense is niks nie, hulle is ongediertes.  
Hulle die boere was vroeër kleurlinge want hulle het met ons  
susters getrou. Ek sé hulle is mal. In Bloemfontein kon  
ons nie die vergadering op die 16e hou nie want die Superintendent  
van Bloemfontein sé hulle is beter mense as ons. Ons  
susters het hulle gebaar. Al is hulle hare lank, ons  
susters het hulle gebaar. Die blinde en gebreklike mense se  
geld word ge-eet van die mense in Parlement. Die boere moenie  
so sleg wees nie. Ek is kort maar my hare is baie lank.  
Ek sien dinge wat baie ver is. Hier is mense wat nie kan doen  
wat ek doen nie. Die Naturellekommissaris van Kimberley kry  
sy tax in Schmidtsdrift en as mense vandaar kom om hier te kom  
werk dan jaag hy hulle weg. Vroue ons het mooi geloop na  
Bloemfontein en nou moet julle dink wat julle wil doen.  
Julle sal nêrens kan gaan nie. Malan het n groot kraal gebou.

"n Groot kraal is hier in Kimberley. Jy gaan tronk-toe wanneer jy die waarheid praat. Malan wil nie hé jy moet die waarheid praat nie. Julle swart mense sal swaar kry. Dit was beter n tyd terug. In die nag word 'n man somar uit die kooi getrek. Sommige mense is tevrede met die wet want hulle weet nie wat hulle doen nie".

Wie was die volgende spreker? --- Die volgende spreke was Chele.

Het jy sy toespraak afgeneem? --- Ek het nie sy toespraak afgeneem nie, iemand anders moes dit gedoen het.

Wie het na hom gepraat? --- Seochoareng. Hy is ook aen my bekend as Choppins. (158).

Lees wat hy gesé het. --- "Afrika, Afrika, Maye Buyi. Mr. Chairman, Sons and Daughters of Afrika. I want to state very emphatically that what I have said before from this platform I am not apologising for. There are some people that when I make a certain statement here they run and tell their friends the wrong thing. That is not fair to me. Everything I say here is written down. I have said that the Section arrest people not working and they don't arrest dr. Malam. I also said that the women must not lick the white men by taking the passes. I want you to understand that the A.N.C. when it lays down a policy, it must be carried out. I want you to understand a law has been made which is a serious law. Men wanted to know from me whether the papers speak the truth about what was said at Bloemfontein. This is serious. Our wives and sisters are going to be affected. The Government says anybody who breaks this law is going to suffer. I told these men that these passes are evil things. They have their ups and downs and mostly downs. In 1952 many things happened and things will happen again. Mrs. Ngoyi said, let us not take them. Let us follow Congress. Whether you carry a pass or not, the

Government will say those who stood in the Bantu Hall are responsible. I want you to know if you carry these passes, you will go to gaol and you will suffer. Congress say you must take the lead of women in Natal and not carry passes. If your daughter says I do not carry a pass, Dr. Verwoerd will say throw her out of school. Passes have cost misery and they will cost more misery. Some of us will be shot. I am speaking seriously. I must tell you the truth. The Government says it is Communism. When the Government speaks communism, they say it is Nationalism. Mrs. Ngoroyi says let us not carry the passes. You must tell everybody that Congress says that women must not carry passes. We do not mean that you must riot and throw stones. You will receive directives and you must act on it. Not long ago we got a new Station Commandant Mr. Swiegers. He walked to the new Social centre and said what a nice place. This man will say to you where is your pass. You will say I have not one and he will say go and fetch and you will go. I want you women to prove to me that you are Congressites. I want you to come and sign with me tomorrow. You must tell everybody the difficulties that they will face. You must tell them that every woman will carry these passes. I shall wait for you and see whether you are sincere. I say to you that there are great dangers and those dangers will come to you. The Dutchman will not help you. You must help yourself by joining Congress. The decision lies totally in your hands. The passes are not meant for the women of Kimberley. The decision rests with you. If you fail yourselves you will ask God what have we done that we should not have done and God will say to you that you have failed the Congress. I am saying as I said before that Dr. Malan is a loafer. But this question of the passes is a serious matter. It is the law of the Government, but we are going to break it. Some of you will be sent away and some of you will not see your

husbands. I don't know whether I must say we must start writing tonight or start writing tomorrow.

Is daar nog sprekers? --- Daar was nog een spreker, Khomohaka.

Het u sy toespraak afgeneem? --- Ek het nie sy toespraak afgeneem nie. Iemand anders moes dit gedoen het.

Jy handig jou notas in? Bewysstuk G.441. Jy het ook aantekeninge gemaak in verband met n vergadering gehou op die 28e Februarie 1956? --- Ek het.

Was dit n vergadering van die African National Congress? --- Dit was.

Waar was dit gehou? --- Dit was gehou in die Bantu Saal, Galeshewe Lokasie, Kimberley.

Hoe laat het die vergadering begin? --- Die vergadering het om 8.5 n.m. begin.

Tot hoelaat? --- Tot 11.45 n.m.

Hoeveel mense was daar? --- Ek kan nie met sekerheid sê nie.

Wie was die Voorsitter by die vergadering? --- Die Voorsitter op die vergadering was Boikanyo.

Het jy sy toespraak afgeneem daar by die vergadering? --- Ek het sy toespraak afgeneem.

Lees wat hy gesé het? --- Tyd dat ons begin. Tolk asseblief. Laat ek begin. Elke dag as ek met julle praat dan wys ek jul ons swaarheid. Vandag is n slegte tyd. Die Regering wat ons onder is probeer hul bes om ons te vertrap met wette. In die koerante sien julle hoe sprekers in die Parlement praat. Daar is nie n tyd wat hy praat wanneer hy nie wys dat hy nie van die swart man hou nie. Ek wil julle vertrou en wil nie bang wees nie. Mn. Strijdom praat oop want sy mense het hom daar gesit. n Wonderlike ding is nie. Vandag sien ek hoe boere geveg het om te kry wat hulle het. Die wat in die Parlement is veg net om ons te vertrap. Die

Die Christene wat in die Parlement is maag lelike wette vir ons. As ons die wette moet maak sal ons dit so maak dat ons ons koppe kan uitsteek. Hulle sê as hulle nie die swartman verdruk nie, sal hulle nie sterk genoeg wees nie. Ek sê weer n Christen kan nie soos daardie witmense wees wat ons vertrap nie. Kan jy n Christen wees en mense bekeer en omdraai en maak soos hulle met ons maak. Kan hulle n wet maak wat die mense so verdruk. Dis driehonderd jaar wat witmense hier is. Die Afrika mense wat geleerd is, die wit mense is spyt oor ons geleerdheid. Die wit mense wil nie saam met ons sit nie. Voor God is ons net soos daardie witmense wat daar sit. Daar is niks wat vir ons gedoen word nie. Daarom het ons n A.N.C. Ons mense lag vir mekaar en hulle sê wil jy jou werk verloor? Ons moet saamstaan en veg soos ander mense. Die mense wil ons weer driehonderd jaar terugneem. Verwoerd se geleerdheid maak dat ons kinders nooit naby die witman sal kom nie. Congress is die oog van Afrika. As Congress met jou praat sal jy alle dinge sien. Ons word Kommuniste en opstekers genoem. Congress is a non-violent organisation. Whatever we do we do by mouth and petition. Julle word nie gesê om die mense met klippe te gooï nie. Julle word gesê julle moet net Congress join. Mense of jy nou aan Congress behoort of nie, wat kom sal nie een van julle uitsluit nie. Ek sê staan saam en laat ons val soos manne. Congress is vir ons almal. Vanoggend toe ek by die draadloos hoor dat die pasboek manne in O.V.S. is en aankomende maand met die vroue daar sal begin, weet ek nou nie waar ons sal begin nie. Nou is ek klaar."

Wie was die volgende spreker? --- Die volgende spreker was Khomohaka.

Het u sy toespraak afgeneem? --- Nee, iemand anders het dit afgeneem.

Wie het na hom gepraat? --- Die spreker na hom was Dr. Letele.

Is hy een van die Beskuldigdes? --- Hy is. (154).

Weet jy watter posisie hy beklee? --- Hoe meer u nou?

Was hy Voorsitter or Sekretaris van die African National Congress gewees? --- Nee, hy was nie destyds Voorsitter gewees nie. Hy was net 'n gewone lid.

Het jy sy toespraak afgeneem? --- Nee, iemand anders het dit afgeneem.

Wie het na hom gepraat? --- Na hom het Khomohaka weet gepraat.

Het u sy toespraak afgeneem? --- Ek het sy toespraak afgeneem.

Laat dit uit. Wie het na hom gepraat? --- Itholeng.

Het jy sy toespraak afgeneem? --- Nee, ek het nie sy toespraak afgeneem nie.

Wie het daarna gepraat? --- Na hom het gepraat Ndhlovu.

Het jy die toespraak afgeneem? --- Ek het.

Laat dit uit. Wie het daarna gepraat? --- Chele.

Lees wat hy gesê het? --- Ek is nie in besit van sy notas hier nie.

Is die oorspronklike notas nie daar nie? --- Nee.

Laat dit dan uit. Wie was die volgende spreker? --- Die volgende spreker was Boikanyo.

Die Voorsitter? --- Hy was die Voorsitter.

Wie het sy toespraak afgeneem? --- Iemand anders het sy toespraak afgeneem.

En wie het toe na hom gepraat? --- Na hom het Bogacu gepraat.

Het u sy toespraak afgeneem? --- Ek het.

Laat dit uit. Wie het na hom gepraat? --- Na hom het weer Chopps, in werklikheid Seochoareng gepraat. (158).

Kan jy sê watter posisie hy gehou het in die African National Congress? --- Hy was die Sekretaris van die Kimberley-

tak.

Het u sy toespraak afgeneem? --- Ek het nie, iemand anders moes dit afgeneem het.

Jy handig jou notas in? Bewysstuk G.442 ingehandig.

Het Naturelle speurder Assegai u soms vergesel na vergaderings? --- In die reel was hy altyd teenwoordig.

Wat het hy daar gemaak? --- Hy het gewoonlik wanneer daar nie 'n tolk of iemand nie in Engels of Afrikaans praat nie, die naturelletoesprake in Afrikaans vertolk vir my.

Nou het daar soms ander tolke opgetree by die vergadering --- Daar het voorheen tolke opgetree. Sommige van die persone maak hulle toesprake in Engels of Afrikaans.

CROSS-EXAMINED BY MR. BERRANGE :

Mr. Markram, these meetings, I see from the notes on them took place more than a year ago? --- Hulle het volgens die datums.

I suppose these are not the only meetings you attended. You must have attended a great many more meetings to which you have not testified? --- Ek het ander vergaderings behalwe hierdie bygewoon.

Many more? --- Heelwat meer.

How many meetings have you given evidence to here? About six? --- Ek is nou nie heeltemaal seker nie.

Six or seven? --- Dit mag so wees.

Since when have you been attending meetings for the purpose of recording that which has been said? --- Dis 'n hele ruk gelede al.

Can you tell us what year, perhaps? --- Seker 1952.

So then I take it that these six meetings to which you testify, form only a very, very small part of the meetings which you have attended since 1952? --- Dit is 'n gedeelte.

I understand that you had a man by the name of Assegai there who did the interpreting for you when there

was no interpreter on the platform? --- Dit is korrek.

And he would interpret into Afrikaans for you? --- Dit is korrek.

I take it that you have no independent recollection of the meetings or happened at these six meetings other than what is contained in your notes, or without being - or without referring to your notes, I should say? --- Dit is reg.

And you would not be able to say, therefore, which of the speakers at the six meetings that you have given evidence about, which of the speakers spoke in one or other of the African languages or which spoke in Afrikaans, or which spoke in English? --- Ek kan nie sê nie, behalwe waar ek notas afgeneem het in Engels van Beskuldigde 158 glo ek is sy nommer - Seochoareng.

BY THE COURT : You say you are sure it is Seochoareng, but you are not sure of the number? --- Dit is korrek. Ek is nie seker van sy nommer nie, maar Seochoareng.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED BY MR. BERRANGE : But you have nothing in your notes to indicate in what language his spoke? --- Nee, ek het niks in die notas nie.

And if one of these interpreters interpreting from one of the African languages were to interpret into English, then you would record it in English, would you not? --- Ek sou dit in Engels genotuleer het, maar dit is nie wat met die besondere Beskuldigde se toesprake gebeur het.

To whose speech are you now referring? --- Na Seochoareng.

In other words, what you are telling your Worship is that Seochoareng always spoke in English? --- Dit is korrek.

As far as the other speakers are concerned that you have recorded, you are unable to say which of their speeches were interpreted by one or other of the interpreters on the platform, or which of those speeches were interpreted by your man Assegai? --- Ek kan nie presies op die oomblik sê nie.

Why do you say at the moment? Would there be any means of enabling you to ascertain? ---Nee.

You gave evidence in Kimberley against one of the accused here, Joe Matthews? --- Dit is korrek.

In your evidence you testified to certain speeches that had been made? --- Ek het.

And in your evidence, to put it shortly, did you indicate that when two police officers, you and another police officer attended a meeting, the two of you would take down alternately each sentence used by a speaker? --- Dit is korrek.

In other words when the speaker was addressing the meeting, you would take down for example the first sentence and thereafter your colleague would take down the second sentence and then you would go on to the third sentence and so on? --- Dit is korrek.

You say that in doing this you were then able to be able to keep a fuller note of what is being said at the meeting? --- Dit is korrek.

You told the Court that you made a habit of doing this at meetings which you attended where speeches were made? --- Ja, op daardie tyd het ons dit gedoen.

What time was that? --- Dit was gedurende 1952.

You found it a satisfactory method of recording speeches, did you not? You found it a very satisfactory method of recording speeches, because in doing so you would be able to get down more of what was being said than if you merely recorded it by yourself? --- Dit was n taamlike goeie manier.

The speeches that you gave evidence about yesterday and today, did you have any colleagues with you? --- Ja.

At all these meetings? --- Daar mag een miskien gewees het waar daar nie was nie, maar gewoonlik is ons twee

of drie Blankes bymekaar.

And did you follow this useful system that you had elaborated in 1952 when Joe Matthews was making speeches? --- Nee, ons het nie.

Why not? --- Op die tyd toe ons daardie besondere metode gebruik het, het sprekers gewoonlik in Engels of Afrikaans n toespraak gelewer. Dit word dan om die beurt aan die gehoor vertolk deur twee tolke, of in Sechuana or Xosa. Gewoonlik twee naturelle tolke wat op die verhoog die spreker se toespraak vertolk, of andersins praat die spreker n Naturelle taal en dit word vir ons in Engels vertolk en weer nog in n ander Naturelle taal in. Dit het ons n geleentheid gegee as jy net een sin van n spreker afskryf en jou kollega dan die tweede sin afskryf terwyl daar getolk word, dan kan jy op daardie sisteem werk.

In 1956 were there not speakers who made speeches in English and those speeches were then interpreted into Sechuana and Xosa? --- Hulle het in 1956 gewoonlik net een tolk op die verhoog gehad.

Always? --- Gewoonlik, het ek gesê.

And in 1956 did the speakers not speak in Sechuana or Xosa and have their speeches interpreted into English and Afrikaans? --- Hulle het nie in 1956 vir ons tolks gegee in Engels of Afrikaans nie.

Give you interpreters? I am talking about interpreters on the platform? --- Ja, die tolk wat gewoonlik deur die A.N.C. op die platform gehou word om te tolk.

You say that when they spoke in one or other of the African languages - this was in 1956 - there was no interpreter into either English or Afrikaans? --- Nee.

So in other words you had less time in 1956 in which to record the speeches than you used to have in 1952? --- Dit is in daardie besondere gevalle so.

That being the case you would naturally like to

adopt the most efficient method of recording speeches so as to get down the most possible? --- Dit sal so wees.

And the remarks that I have of the evidence that you have given in regard to the year 1956 applies equally to the year 1955, does it not? --- Dit sal miskien nie noodwendig wees sover as wat vertolking in Engels en Afrikaans van die verhoog as wees nie. Ek kan nie meer onthou nie.

Well, if that is the evidence, you wouldn't deny it? --- Nee, as ek so gesé het in getuienis, dan is dit so.

I am not saying that you said so in evidence, but if other people were to give that evidence you would not deny it? --- As hulle die feite korrek gehad het, dan sal ek dit nie ontken nie.

Anyway, the point about it is that you do not know? --- Dit mag so wees.

Please don't play with me. Do you or don't you know? Don't say "Dit mag so wees". Do you or don't you know. Give a straight answer to an ordinary simple question. --- Dit is soos ek gesé het, die getuienis wat ek gegee het oor 1956 se vergaderings mag betrekking hê, behalwe op 'n paar gevalle, op 1955 se vergaderings ook. Ek kan nie meer onthou nie.

That is all I want to know. You can't remember. Running throughout these speeches - I am referring to the six you have given evidence about - there is a repeated call by the speakers that the people should not embark upon any course or system or conduct of violence? --- Sprekers herhaal dit nogal van die verhoor af.

That has been your experience at many, many meetings? --- Dit is so.

And I see that some of these speakers - the meetings that you have given evidence about - said things like the following : "Ons wil nie die witmense wegjaag nie. Ons wil saam met hulle wette maak". And another speaker said "Daar

is ander mense wat die Here gemaak het met wie ons moet saamlewe". "Die Freedom Charter is deur baie wit en swart mense opgeskryf nie, nie net deur een mens nie?" --- Dit is so.

In other words, may I put it to you quite bluntly like this. In the meetings that you have attended, you have often heard the speakers also exhorting the people to the preservation of racial harmony? --- As die woord "rassehaat" is kan ek nie sé dat ek dit gehoor het nie. Ek het wel gehoor dat hulle teen "non-violence" en die gooi van klippe en so aan gepraat.

BY THE COURT : Het hulle gesé daar moet rassesaamwerking wees? --- Dit het hulle nogal bepleit.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED BY MR. BERRANGE : And just  
lastly, Mr. Markman. With the exception of number 158 - I think that is the man you say always spoke in English - you are today unable to say as far as the other speakers are concerned which of those speeches were interpreted to you by Assegaaï? --- Ja.

BY THE COURT : Do I understand that you have no notes of the speeches which this Native Constable Assegaaï interpreted?  
--- Ek het, maar nie in die getuenis wat voor my gewees het wat ek hier gegee het nie. Die gevolg is dat ek kan nie elke vergadering onthou nie.

You may have it in regard to other speeches, but not in regard to these speeches which we are now discussing? --- Dit is so.

MR. BERRANGE : NO FURTHER QUESTIONS.

MR. COAKER : NO QUESTIONS.

MR. SLOVO : NO QUESTIONS.

RE-EXAMINATION BY P.P. : As Assegaaï nie getolk het nie, wie het dan die tolke verskaf?

BY THE COURT : Dit is duidelik die getuie het gesé dat die A.N.C. het hul eie tolke gehad..

RE-EXAMINATION BY P.P. : Het jy al die vraag geantwoord? ---

Van 'n Naturelle taal, ja.

As Assegaaai nie getolk het nie?

BY THE COURT : As daar nie 'n A.N.C. tolk was nie, dan het hy gebruik gemaak van Assegaaai se dienste? --- Die posisie is, dat die A.N.C. het meestal op die verhoog 'n tolk was na 'n ander Naturelle taal in tolk sodat persone wat net miskien Xosa kan verstaan ook die toesprake kan volg. Maar hulle het nie vir ons Afrikaanse of Engelse tolke gegee nie. Assegaaai het meeste van die tolk gedoen by die vergaderings wat ek op getuienis gegee het. Dit is die posisie.

To interpret into Afrikaans or English? --- Gewoonlik in Afrikaans. Dit is reg.

RE-EXAMINATION BY P.P. CONTINUED : Die twee Beskuldigdes, Nr. 158 en Dr. Letele (154), weet jy of hulle Afrikaans en Engels kan verstaan? --- Dr. Letele is 'n goeie Engelse spreker en so is Seochoareng.

Engels of Afrikaans? --- Seochoareng kan ek nie sê nie. Maar ek het al persoonlik met Dr. Letele gesprekke in Afrikaans gevoer.

Kan hy dit verstaan? --- Hy kan dit verstaan.

BY THE COURT : Mr. Prosecutor, I don't know what the object of these last questions were. Is it being suggested that they wouldn't understand what Assegaaai says?

BY THE P.P. : No, where Assegaaai did not interpret then they would understand the interpreter provided by ...

BY THE COURT : Their own interpreters.

BY THE P.P. : And they are in a position then to correct him if he does not translate the speech correctly.

NO FURTHER QUESTIONS.

JACOBUS JOACHIM SCHOLTZ, duly sworn :

VERHOOR DEUR DIE P.A. : U is 'n Speurder Hoofkonstabel, Suid-Afrikaanse Polisie, gestasioneer te Kimberly? --- Ek is.

Het u notas gemaak in verband met n vergadering gehou op die 24e Januarie 1956? --- Ja.

Het u die notas by die vergadering gemaak? --- Ja.

Het jy nou jou notas by jou? --- Ek het.

Is dit n vergadering van die African National Congress? --- Ja.

Was u vergesel deur n lid van die polisie na die vergadering? --- Ek was vergesel deur Speurder Konstabel Markman.

Is dit die laaste getuie? --- Dit was die laaste getuie.

Het u n aantekening waar die vergadering gemaak was? --- Ek het.

Waar? --- Die notas was gemaak in die Bantoesaal, Galeshewe Lokasie, Kimberley.

Het u notas gemaak van die toesprake van al die sprekers? --- Nee, ek het nie notas gemaak van al die sprekers nie.

As jy nie die toesprake afgeneem het nie, wie het dit dan gedoen? --- Die notas van die sprekers wat ek nie geneem het nie was gemaak deur Speurder Konstabel Markram.

Wie was die eerste spreker wan wie jy n nota gemaak het van die toespraak? --- Die eerste spreker was n Naturelle vrou Ndhlovu.

Laat haar toespraak uit. Wie was die volgende spreker waarvan jy notas gemaak het? --- Die volgende spreker was Itholeng.

Lees wat hy gesé het? --- "Afrika, Afrika, Seuns en Dogters van Afrika. Gee vir ons julle ore. Ek is een van die na Bloemfontein. Ek weet nie maar ek dank julle daarvoor. Dit is die eerste keer dat julle tien afgevaardigdes gestuur het. Dit wys n goeie gees in Kimberley. Die jaar is al om en julle moet baie veranderings maak, in n nasionale kongres. Ek staan hier om my mense te sê wat hulle nie wil hê nie. Wat het julle nie-Blanke gedoen in die jaar.

Baie slegte dinge gedoen. Die vergadering is vir julle vrouens om te praat. Die jong mense is warm. As jy in Bloemfontein was sou jy gehoor het. Julle het die ou mense gesien wat ver gekom het insake die vrouens se pas. Daar is nog vrouens wat vra hoekom vat die mans die pas. Die pas is sleg vir ons. By die vrou se kant weet die man nie wat om te doen nie. Gaan die witmense nie nou in ons sake as die vrouens moet pas dra nie. As Congress sé die vrouens moet paste dra sal die regering stappe teen Congress neem. n  
Pas vir n vrou is baie sleg. Jy word gevra waar kom jy vandaan, waar is jy gebore. In die boeke is geskrywe jy moet by die witmens waar jy werk bly. Waar kan jy heengaan. Jou werk is in Afrika. Hoe kan julle in Engeland gaan bly. As ons so praat sé hulle ons is opstekers en ons moet stilbly. Jy word weggestuur. Jy kan sleg voel as hulle jou oorsee stuur. Al stuur hulle jou hel toe dis nog Afrika. Daar is baie manne van hulle families weggevat. Ons weet hie waar hulle is nie. As jou kinders vra wat het jy gedoen. Wat sal jy sé. Ons wil net die witmense vra om lekker te lewe in Afrika. Die slawetyd het nou gekom. Die geleerdheid sé die swart mens moet pas vat. Ons vrouens sal in die straat gestop word en die polisie sal hulle rondruk. Dit sal beter wees vir ons om te rou oor die dood as wat ons van praat. Daar is wit vrouens wat swart klere dra, genoem "Black Sash". Wat het ons die Blankes gedoen. Ek vra julle of die Here ons gebede hoor. Die praat is oor die vrouens. Ander sprekers het gesé hulle wil nie paste hê nie. Wat sé julle Kimberley se vrouens. Julle het nikks gesé nie. Wat sal julle vir julle kinders sé omtrent die paste. Al wat ons doen is vir ons kinders. Ek gee nie om nie die vryheid van die swartes sal nie uit die hemel of Engeland kom nie maar van julle. Julle lees die koerante. Julle hoor hoe werk die ander. Hier is die boodskap. Iedere swart mens ons is almal swart. Julle moet behoort aan Congress.

Congress het 'n groot oog en oor. Ons vryheid kom van Congress. Julle vrouens moet van more af organiseer en sê die paste is nie nodig nie. Ek vra julle het die Here nie vir ons die verstand gegee nie. Hoekom sê die Blankes ons nie. Hulle maak somar die wet. Ons is nie kinders nie. Ons het verstand. Die sewehonderd mense in Parlement. Daar is nie een swart man onder hulle nie. Is dit nie 'n skande nie. Wat weet die witmense van ons af. Die witmense doen niks vir ons nie. Hulle maak net wette. Vandag het hulle 'n wet gemaak. Die motorkar sal die dooie vinnig kerkhof toe ry. Een van die witmense het gesé dat ons nou by die mortuary moet gaan diens hou. Ons is die oorsaak. Ons staan en werk nie saam nie. As ons saamgestaan het sal dit nie gebeur nie. As ons kla word ons kommuniste genoem. Ek weet nie wat 'n kommunis is nie. Waarvoor lees ons die Bybel. Die witmense breek die wet elke minuut. As jy praat, Kaffer jy het die wet gebreek. As julle die pas wil, daar is hulle, Verwoerd se mense. Sê vir hulle julle wil nie pas hê nie. As jou vrou van Coligny kom sal jy moet teruggaan. As sulke slegheid aangaan mag ek nie praat nie. Ek weet nie watter soort mehse julle is nie. Julle ken die ding lankal. Hulle lieg as hulle sê die Blanke vrouens vat ook pas. Hulle vat 'n kaart, nie 'n slegte boek nie. Die wet van die boek is so. Al word jy geslaan dan skrywe hulle hoe sleg jy is. Wie sal die Blanke vrou se kaart teken. Sy loop orals. Die Naturelle Kommisaris sê sommer loop hier weg. As die mense kan skrywe. Daar is baie verstandige Blankes. Hulle vra ons nie. Jy het 'n dagpas, nagpas en agtermiddagpas sal kom".

Wie was die volgende spreker waarvan jy die toespraak afgeneem het? --- Naturelle man genaam Chele.

Laat sy toespraak uit. Is daar nog ander waarvan jy afgeneem het? --- Nee.

En jy handig jou notas in. BEWYSSTUK G. 443.

Congress het n groot oog en oor. Ons vryheid kom van Congress. Julle vrouens moet van more af organiseer en sê die paste is nie nodig nie. Ek vra julle het die Here nie vir ons die verstand gegee nie. Hoekom sê die Blankes ons nie. Hulle maak somar die wet. Ons is nie kinders nie. Ons het verstand. Die sewehonderd mense in Parlement. Daar is nie een swart man onder hulle nie. Is dit nie n skande nie. Wat weet die witmense van ons af. Die witmense doen niks vir ons nie. Hulle maak net wette. Vandag het hulle n wet gemaak. Die motorkar sal die dooie vinnig kerkhof toe ry. Een van die witmense het gesé dat ons nou by die mortuary moet gaan diens hou. Ons is die oorsaak. Ons staan en werk nie saam nie. As ons saamgestaan het sal dit nie gebeur nie. As ons kla word ons kommuniste genoem. Ek weet nie wat n kommunis is nie. Waarvoor lees ons die Bybel. Die witmense breek die wet elke minuut. As jy praat, Kaffer jy het die wet gebreek. As julle die pas wil, daar is hulle, Verwoerd se mense. Sê vir hulle julle wil nie pas hê nie. As jou vrou van Coligny kom sal jy moet teruggaan. As sulke slegheid aangaan mag ek nie praat nie. Ek weet nie watter soort mehse julle is nie. Julle ken die ding lankal. Hulle lieg aë hulle sê die Blanke vrouens vat ook pas. Hulle vat n kaart, nie n slegte boek nie. Die wet van die boek is so. Al word jy geslaan dan skrywe hulle hoe sleg jy is. Wie sal die Blanke vrou se kaart teken. Sy loop orals. Die Naturelle Kommisaris sê sommer loop hier weg. As die mense kan skrywe. Daar is baie verstandige Blankes. Hulle vra ons nie. Jy het n dagpas, nagpas en agtermiddagpas sal kom".

Wie was die volgende spreker waarvan jy die toespraak afgeneem het? --- Naturelle man genaam Chele.

Laat sy toespraak uit. Is daar nog ander waarvan jy afgeneem het? --- Nee.

En jy handig jou notas in. BEWYSSTUK G. 443.

NO FURTHER QUESTIONS.

NO CROSS-EXAMINATION.

LOUIS JOHANNES BOTHA, beedig verklaar:

VERHOOR DEUR DIE P.A. :

Jy is 'n Speurder Sersant, Suid-Afrikaanse Polisie, gestasioneer te Kimberley? --- Ja.

Jy het die notas gemaak in verband met 'n vergadering gehou op die 8e November 1955? --- Ek het.

Het jy die notas by die vergadering gemaak? --- Ja.

En jy het nou jou notas voor jou? --- Ja.

Was dit 'n vergadering van die African National Congress? --- Dit was.

Waar was dit gehou? --- Die Ababantu Batho-saal, Kimberley.

Watter lokasie, weet jy? --- Nee.

Het iemand jou vergesel na die vergadering? --- Ek was vergesel deur Speruder Konstabel Markram en Naturelle Speurder Sersant Assegai.

Het jy notas gemaak van al die toesprake wat daar gelewer was? --- Ek, sowel as Markram het.

Het julle gelyk geskryf, of om die beurt? --- Om die beurt.

DEUR DIE HOF : Alternately. Do you mean that you took down one speech and Markram the other speech? --- Ja.

DEUR DIE P.A. : Wie was die eerste spreker van wie jy 'n toespraak geskryf het? --- Khomahaka.

Lees wat hy gesé het? --- "Geliefde jong mans en meisies, ek weet julle verwag om iets goed te hoor, dit is ons hoop om vry gemaak te word. Mens moet eers swaar kry om te wen. Ons staan hier om julle bymekaar te probeer kry vir een stem. Die wet is bang, swartman slapp nie en Verwoerd slaap ook nie, want hy wil julle woer woer. Ek is bly om so baie

**Collection: 1956 Treason Trial**  
**Collection number: AD1812**

**PUBLISHER:**

*Publisher:- Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand  
Location:- Johannesburg  
©2011*

**LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.